NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

26 Oktober 2018
Nr 35/2018

Warm nuus!

❖ Aandag Emeriti: Jaarlikse byeekoms

Hiermee word emeriti-leraars, hul eggenotes asook weduwees van predikante van die Ned Gerf Kerk hartlik uitgenooi na die jaarlikse byeenkoms.
Datum: Maandag ***5 November***
Plek: Skuilkrans NG Gemeente (H/v Cussonia- en Jan Albertweg, Lydania)
Tyd: 09:00 - 12:00
Program:
09:00 – 10:00 Saamkuier oor 'n koppie tee/koffie en verversings
10:00 – 12:00

- Samesang
- Verwelkoming – Ds Jan van den Berg
- Opening – Ds Johann de Witt

*Orreluitvoering – Prof Wim Viljoen
*Teologiese Fakulteit UP – Prof Dirk Human
Mededelings o.a. In memoriam – Dr Louis Dressel
Koste: Geen - Kom net!!
Parkeer asseblief binne die omheinings (ook oorkant die straat.)
Sien julle graag daar!!!

Antwoord asseblief (ter wille van die verversings) vóór *31 Oktober* op een van die volgende maniere:
Telefonies: *Jan en Minda van den Berg (0834154938); Louis en Nita Dressel (0825772115)*
SMS: *"Naam; Ja 1 of 2" na 0825772115*
E-pos: *"Naam; Ja 1 of 2" na Ldress1@hotmail.com*
Faks: *"Naam; 1 of 2; JA" na 0866108505*

❖ Kuratorium van die NG Kerk: Fakulteit Teologie en Religie – Universiteit van Pretoria

Die **legitimasie van die finalejaarstudente** is 'n hoogtepunt in die jaarprogram. Dit vind plaas op Donderdag ***8 November*** om 19:00 by Universiteitsoord.
Enigeen is welkom om dit by te woon.

Navrae kan gerig word: aan Lizette van der Kooi by 012 420 2892 / ngkerk@up.ac.za

Sinodenuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
**30 Oktober* – Skriflesing: Hebreërs 7:20
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Taakspan: Mentoraat: Terugvoer uit die Mentorskap-vraelys

Daar was 46 respondente. Waarvan 65% tans betrokke is in 'n soort mentorverhouding en 90% van die kollegas het aangedui dat hulle bereid is om mentors vir mekaar te wees. [**Lees die verslag hier verder**…]
Enige navrae oor mentorskap kan gerig word aan die taakspan wat graag sal help met riglyne/wenke of voorstelle van 'n geskikte mentor vir jou omstandighede. Kontak vir *Derick du Toit* (taakspanleier by tel 012 331 1241, sel 082 958 0473, e-pos derick@ngv.co.za] Die beloofde koffiegeskenkbewys is steeds op die tafel.

❖ Eerstejaarskamp 2019: Universiteitsoord

Alle **voornemende Tukkie-studente** neem asseblief kennis van die kamp : ***21-25 Januarie 2019***.
Vir enige verdere inligting asook die inskrywingsvorm: Besoek www.universiteitsoord.co.za.
Leraars: Kliek asseblief **hier** vir 'n spesiale brief vir julle aandag.

Kolleganuus

❖ Innige simpatie

Ons het kennis ontvang dat **prof Attie (AC) Barnard** [emeritus en vroeër betrokke by Arcadia en UP, Departement Teologie] en **Rassie (EA) van Niekerk** [emeritus en vroeër betrokke by Lynnwood en SAGD Kapelaan] oorlede is.

❖ In die hospitaal

Johan de Wet (Harbeespoort) se vrou **Marianne** het 'n knievervanging ondergaan.

❖ Baie sterkte

Gerrie Strydom [Florandia] ontvang tans bestraling vir kanker.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:*

28/10 Frikkie du Plooy [Florauna, 083 564 7633, duplooy@ngkflorauna.co.za]
Neels Els [Emeritus, 082 765 7732]
Louis Brittz [Emeritus, 083 383 1269, ljbrittz@absamail.co.za]
29/10 Johan Wildenboer [Florandia, 082 418 4220, johan.wildenboer@gmail.com]
Thinus Grobler [Emeritus, 082 564 2711, marthinusjpgrobler@gmail.com]
02/11 Kobus Gerber [Emeritus, 082 895 5680, dr.kobus.gerber@gmail.com]
03/11 Eric Scholtz [Lynnwood, 082 856 5959, erics@mweb.co.za]
****
28/10 Esna Strydom [Florandia, 012-542 3739, gerrie.s@mweb.co.za]
03/11 Lizanne Roux [Vorentoe, 072 755 7817, dewaldroux2@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Bergtuin [Gestig: 28/10/1974]
Marondera-Rusape [Gestig: 01/11/1951]

❖ **Tuinrand**
28 Oktober om 09:00 - **Jan de Wet** tree op by die gemeente. Gratis optrede … kollekte sal opgeneem word.

❖ **Dalunie: Lente-ontbyt**
Datum: ***27 Oktober***
Waar: Klein Paradys.
Navrae: Ds Kobus Mouton 082 807 6071; Emile Werner 082 825 5013; Nellie Smit 082 254 6869.

❖ **Overkruin**: **Letsels van die bosoorlog en ander trauma op oudwordende persone**
Datum: Saterdag, ***10 November*** (09:00-12:00)
Plek: NG Overkruin
Temas:
- Die Bosoorlog – wat sê navorsing [*dr Petrus Moolman*]
- Emosionele verwonding van die bosoorlog en ander trauma – hoe word ons weer heel? [*dr Henk Gouws*]
- 'n Resente storie van heling tussen vorige Bosoorlogvyande [*ds Fanus Hansen*, oud-Kapelaan].

Toegang is GRATIS en 'n donasie om koste te dek sal opgeneem word. Verversings word gratis bedien.

❖ **Brits**: **Damesoggend saam met Liesel Krause-Wiid**
Tema: Stof jou drome af
Datum: ***17 November*** (09:00 vir 09:30)
Plek: NG Brits oorkant Rusoord.
Koste: R150 p/p (vingerete ingesluit)

❖ **Kameeldrif: Jagpakketveiling 2019**
Roelf Opperman skryf soos volg: "Ons by Kameeldrif bied weer volgende jaar op ***2 Maart*** ons jaarlikse jagpakket-veiling aan. Dit werk so: Gemeentes op die platteland het baie keer jagpakkette beskikbaar maar nie die voete om aan veilings by hulle te kom deelneem nie. Ons in die stad het weer voete maar nie jagpakkette nie. Daarom reël ons 'n jagpakketveiling. Die gemeente wat die pakket gee kry 80% van die inkomste en ons kry 20% vir ons dienste (bemarking, veiling, ens)
- Gemeentes wat belangstel om deel te neem kan vir *Drian Viljoen* skakel by 084 608 2859.
- Kliek hier om na ons jagpakket webwerf van die afgelope veiling te kyk.

Ander nuus

❖ **Algemene Sinode: Taakspan Missionale Ekklesiologie: Tweede rondte**
Jana de Lange (Universiteitsoord en lid van dié taakspan) versoek gemeentes om deel te neem aan die tweede rondte van die navorsing.
- Kliek hier vir 'n ***lys van beelde en metafore*** wat die goeie nuus verduidelik, asook 'n ***rondte twee: terugvoerblad*** *[wat spesifiek oor Evangelisasie gaan]*. LW die terugvoerblad kan net in *Word* oopgemaak word.
- Stuur asseblief die terugvoerblad teen ***23 November 2018*** aan innovation@sun.ac.za.

❖ **Prof Louis Jonker oor Kronieke:**
Louis Jonker, *professor in Ou Testament aan die Universiteit Stellenbosch*, is vanjaar die wenner van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys vir sy boek, *Defining All-Israel in Chronicles*.

Prof Jonker gaan DV *Woensdag* ***31 Oktober en*** *Donderdagoggend* ***1 November*** sy navorsing oor Kronieke bespreek.
- **Waar:** NG Gemeente Elarduspark.
- **Program** [Lees die volledige program hier]
- **Die koste** is R200-00 per persoon vir beide dae en dit sluit 'n middagete en verversings in.

- Kursusgangers verdien 9 **VBO-punte**.
- **Belangstellendes** kan 'n e-pos stuur na leonwesthof@ngelarduspark.org.za.

❖ PEN Seekamp 2018

PEN Seekamp is sonder twyfel een van die kenmerklikste PEN geleenthede om verandering in ons kinders se lewens. Hierdie projek maak nie net drome los by ons kinders nie, dit spoor ook harte van goud aan. Harte wat iets gee, iets bak, iets aankoop om 110 kinders die geleentheid te gee om op die strand te baljaar, God op 'n baie spesiale manier te ontmoet en net "kind" te wees… [Lees hier verder…]

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media-nuus

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus

Met die vooruitsig van die **Hervormingsfees** ***(28 Oktober)***, is ***Reformation 500 – Some South African Perspectives,*** 'n belangrike publikasie wat gelees en bespreek kan word. [Lees hier verder...]
Kontak hulle by +2721 873 6964, e-pos info@clf.co.za of koop dit aanlyn by https://clf.co.za/product/christianity-in-eurafrica/.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Sinodale Diensraad (SDR) vergadering [26 Oktober]
- Matrikulante wat eksamen skryf
- Hervormingsfees [28 Oktober]

Proponente en ander vakatures

❖ Vakature: Kommunikasiebestuurder Wes-Kaapland

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as kommunikasiebestuurder. Die suksesvolle kandidaat moet die waardes en visie van die Sinode van Wes-Kaapland onderskryf, bemark en kommunikeer. 'n Aanvoeling vir die kerklike omgewing, sowel as ondervinding van die NG Kerk se strukture, sal die aansoek versterk.
Sluitingsdatum: Donderdag ***8 November 2018*** om 12:00.
Besoek asseblief die webwerf by http://bit.ly/Kommunikasiebestuurder vir die volledige advertensie en inligting oor die aansoekproses.
Navrae: Kenny Raats by ngkadmin@kaapkerk.co.za of 082 886 5643 of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by fherselman1@telkomsa.net of 081 270 3226.

❖ UP Fakulteit Teologie:

- **Gelegitimeerde proponente 2016**
  Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  Werner Smal [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma [082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]
  Jan Cloete [083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]
  Bertus Olivier [082 224 6242, oli4@axxess.co.za]

Ten slotte

Iets om oor na te dink…



BYLAES

Mentoraat
Terugvoer uit die Mentorskap-vraelys

Daar was 46 respondente. Waarvan 65% tans betrokke is in 'n soort mentorverhouding. Hierdie respondente rapporteer soos volg oor die 4 vlakke van mentorverhoudinge wat goeie selfsorg verteenwoordig:



90% van die kollegas het aangedui dat hulle bereid is om mentors vir mekaar te wees. Daar is egter ook 'n hele paar hindernisse en voorbehoude uitgespreek vir mentorskap.
Enkele gedagtes hieroor:

- Dit bly my verantwoordelikheid om 'n mentor te kry en om die mentorverhouding in stand te hou. Dit is deel van SELFSORG.
- Daar is baie kollegas en ander mense in elke omgewing wat vir my baie kan beteken. Ek maak die keuse wie nou oor watter aspek 'n mentor vir my kan wees. Ek kommunikeer my behoefte en rede vir die versoek duidelik.
- Indien iemand my nader om 'n mentorpad te stap is dit 'n geweldige voorreg en kompliment. Ek sal prioriteit aandag daaraan gee en moeite doen daarmee.
- Dit gaan primêr oor die mentee in die mentorgesprekke. As mentor is ek en my eie stories sekondêr in hierdie verhouding. Die mentee moet in die kollig wees.
- Absolute vertroulikheid is die staan of val van enige mentorverhouding.
- Enige navrae oor mentorskap kan gerig word aan die taakspan wat graag sal help met riglyne/wenke of voorstelle van 'n geskikte mentor vir my omstandighede. Kontak vir *Derick du Toit* (taakspanleier by tel 012 331 1241, sel 082 958 0473, e-pos derick@ngv.co.za] of vir Paul Grobler by die sinodehuis.
- Dit kan gebeur dat 'n kollega swaarkry. Kom ons kyk ook uit daarvoor en help asb. fasiliteer aan 'n opbouende mentorverhouding.

Die beloofde koffiegeskenkbewys is steeds op die tafel.

Terug

Aandag: Leraars
Eerstejaarskamp: UP 2019

ROAD TRIP behoort en beweeg UNIVERSITEITSOORD

Duxburyweg 105 Hillcrest 0083
Tel 012 362 0663/4
Faks 086 561 9098
kantoor@universiteitsoord.co.za
www.universiteitsoord.co.za

Geagte kollega

Dis vir ons by Universiteitsoord 'n voorreg om met jou hande te vat in die bediening van die jongmense van ons kerk. Ons sit graag die groot werk voort wat julle reeds oor jare al gedoen het in die lewens van die jongmense in julle gemeente. As deel daarvan hou ons al vir meer as vyftig jaar lank Eerstejaarskampe om jongmense te begelei in die oorgang na die universiteitslewe.

Baie van ons, of van ons kinders, was dalk self op een van ons eerstejaarskampe en sal kan getuig van die ongelooflike waarde wat die kamp het om jongmense toe te rus vir al die fisiese en geestelike uitdagings wat die studentelewe inhou. In hierdie onseker tyd van hulle lewe, help die kamp om eerstejaars rustig te maak, toe te rus en voor te berei vir al die uitdagings wat op hulle wag.

Daarom neem ons graag die vrymoedigheid om jou te vra om ons te help om alle voornemende Tukkie-studente aan te moedig om die kamp van 21-25 Januarie 2019 by te woon. Daar is tans nog plek en ons wil dit graag vir so veel as moontlik studente moontlik maak om te gaan. Dit is natuurlik ook 'n wonderlike "belegging" in 'n kind se lewe, sou 'n oupa/ouma of familielid hulle dalk kon borg.

Jy is welkom om enige navrae na ons webblad www.universiteitsoord.co.za te verwys, hier is al die inligting asook die inskrywingsvorm.

'n Bediening aan studente sonder vennootskap met die student se tuisgemeente is net nie moontlik nie. Voel gerus vry om te enige tyd een van ons studenteleraars te kontak sou jy graag iets rakende 'n student wil bespreek, of sommer net onder ons aandag wil bring.

Baie dankie vir jou goedgesindheid en ondersteuning, Dit word opreg waardeer.

Groete in Christus!

Fritz Snyman (0823325781)
Jana de Lange (0768355525)
Ronel Meylahn (0828575752)

Terug

PEN Seekamp 2018

PEN Seekamp is sonder twyfel een van die kenmerklikste PEN geleenthede om verandering in ons kinders se lewens. Hierdie projek maak nie net drome los by ons kinders nie, dit spoor ook harte van goud aan. Harte wat iets gee, iets bak, iets aankoop om 110 kinders die geleentheid te gee om op die strand te baljaar, God op 'n baie spesiale manier te ontmoet en net "kind" te wees.

Elke kind wat op PEN se seekamp gaan beleef pyn en hartseer op verskeie vlakke. 6 dae op PEN se seekamp gee elke jeugwerker, mentor en terapeut, die geleentheid om pleisters te plak en saam te kan bou aan planne om elkeen se droom te verwesenlik. Telkens word daar die vraag gevra: "maar dis dan 'n luukse hierdie?" Ons glo dat God met elkeen van ons kinders 'n plan het. Hy, ons Vader en droomgewer beloof dit ook aan elkeen van ons, jou en vir my dat ons 'n droom het. 'n Droom om uit te styg bo verwagtinge soos Hy in Jeremia 29:11 beloof. Hierdie seekamp, gee elke kind die geleentheid om uit te styg, bo hulle pyn, hulle uitdagings van honger gaan slaap, of 'n harde hou in die gesig. PEN kan soms nie almal uit hulle omstandighede verwyder nie, maar HIER, in hierdie Desembermaand, kan die Seekamp 'n kind die nodige toerusting gee om vry te kan word, geestelik en emosioneel.

Ons daag jou uit om 'n kind se seer te kom beter maak. Om 'n kind die geleentheid te gee om te kan asemhaal en "kind" te wees. God het immers die see en strand gemaak vir jou en ons kinders, om kinderlik verbaas te kan staan in Sy getrouheid en goedheid. Jy kan 'n verskil maak deur 'n kind te borg teen R1500,00 per kind. Miskien kan jy slegs die helfte van die koste gee, of koeldrank kom aflewer, dalk 'n handoek of 2? Jou gebed vir elke kind, gaan 'n wonderwerk laat gebeur. Vir meer inligting kontak Susan van der Walt by susan@pen.org.za. Direkte depositos kan gemaak word aan PEN:

Naam:	PEN
Bank:	ABSA
Rekeningnr:	0020 263 385
Tak:	632 005
Tipe:	Tjek
Verw:	Seekamp2018 en jou van.

Ons reik graag vir jou 'n S18A belastingsertifikaat uit vir jou donasie aan PEN se Seekamp 2018.
Vir meer inligting oor PEN se werksaamhede, besoek gerus www.pen.org.za.

Terug

Taakspan Missionale Ekklesiologie

Rondte 2: Wat is die goeie nuus?

- God plant ons by 'n waterstroom
- Jesus die Lewende Water les ons dors
- God die Moeder versorg ons
- Jesus gee ons 'n nuwe kleed om aan te trek
- Jesus die Goeie Herder lê sy lewe af vir ons
- Die Gees as Gewer laat ons vrugdra
- Jesus die Gewer van rus nooi ons om ons laste neer te lê
- God die Genadige maak nie onderskeid nie
- Jesus die Here oorwin alle magte
- Jesus laat ons grense oorsteek
- God die Vader wag op ons tuiskoms

- Jesus die Slaaf bedien ons
- God laat ons vlieg soos ‘n arend
- Jesus soek ons selfs as ons wegbeur
- Jesus versorg ons liggaamlik
- God die Reisgenoot loop saam met ons
- Jesus die Gasheer herstel ons menswaardigheid
- God die Vader ontvang ons terug
- Jesus gee vir ons daaglikse brood
- God die Skepper onderhou alles
- Die Gees as getuie vertel ons alles van Jesus wat ons nodig het
- God die Heilige op die troon laat ons buig
- Jesus die Lam skryf ons name in die boek van die lewe
- Jesus die Goeie Herder is by ons
- Jesus is genoeg
- God die Moeder het ons lief
- Die Gees as Voorspraak tree vir ons in
- God die Pottebakker vorm ons
- Jesus die Wingerdstok voed ons
- Jesus die Hoëpriester salf ons
- God die Vader vergewe ons
- Jesus die Rots gee vir ons vastigheid
- God die Koning skryf ons skuld af
- Jesus die Lig vir die wêreld verdryf die duisternis
- Jesus die Koning laat Sy nuwe wêreld kom
- Die Gees as Trooster gee ons hoop
- Jesus die Bruidegom kom ons as geliefdes haal
- Jesus die Offer versoen ons met God
- God die Reiniger was ons skoon
- Jesus die Bevryder verlos ons van die bose
- Jesus die Groot Geneesheer maak ons gesond
- God die Losser koop ons vry
- Die Gees as duif daal op ons neer
- Jesus die Koringkorrel sterf sodat ons kan leef
- Die Gees as vuur vervul ons
- God die Moeder tel ons op
- Jesus die Lewende Brood voed ons
- God die Bevryder lei ons uit slawerny
- Jesus die Vredevors laat die leeu en lam langs mekaar lê
- God die Koning stel onreg reg
- Jesus die Dienskneg was ons voete
- God die Regter straf onreg
- Jesus die Goeie Herder gee ons alles wat ons nodig het
- God die Son van geregtigheid ontmasker sistemiese onreg
- Jesus die Weg wys ons die pad
- God die Persoon tree met ons in verhouding
- Jesus die Gasheer nooi ons in
- God die Heerser maak alles nuut
- Jesus die Magtige maak die storm stil
- Jesus die Leermeester leer ons hoe om te leef

Terugvoer van gemeentes aan Taakspan Missionale Ekklesiologie
Navorsing om Evangelisasie Strategie te ontwikkel

Rondte 2: Terugvoerblad - Wat is die goeie nuus?

Stuur asb terug aan Ankia du Plooy, innovation@sun.ac.za **teen** ***23 November 2018***

1. **Bespreek die volgende skema wat verduidelik watter kragte werk in ‘n evangelisasie gesprek:**



- **Vertel asb vir ons wat word vir julle duidelik hieruit?**

(Geen terugvoer) Punt 2 moenie bespreek word nie, maar in stilte oor nagedink word.

2. **Dink aan sonde of swaarkry in jou eie lewe**
   - **Waarmee sukkel jy?**

   Kyk nou na die lys van beelde wat die Goeie Nuus van die Evangelie verduidelik.
   - **Watter beeld spreek jou aan?**
   - **Hoekom?**

3. **Dink aan iemand spesifiek wat sukkel met sonde of swaarkry in sy of haar lewe.**
   - **Watter beeld dink jy sal hierdie persoon help?**
   - **Hoe sou jy hieroor met die persoon kon praat?**

   Deel met mekaar en skryf asb die terugvoer vir die Taakspan neer:

Terug

Prof Louis Jonker - bespreking van sy navorsing oor Kronieke

by NG Gemeente Elarduspark

PROGRAM

31 Oktober – 1 November 2018

Woensdag 31 Oktober 2018

08:30 – 09:00 Registrasie en verwelkoming
09:00 – 10:00 Sessie 1: Waarom Kronieke? My eie verhaal met die boek / Struktuur en genre van die boek
10:00 – 10:30 Tee en verversings

10:30 – 11:30 Sessie 2: Inleiding tot Kronieke: Viervlakkige historiese agtergrond
11:30 – 11:45 Breek
11:45 – 12:45 Sessie 3: Inleiding tot Kronieke: Vroeëre en nuwer benaderings / Kronieke as identiteitsonderhandeling
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:00 Sessie 4: Kronieke en die Persiese imperium
15:00 – 15:30 Koffie en verversings
15:30 – 16:30 Sessie 5: Kronieke en die provinsiale saambestaan

Donderdag 1 November 2018

09:00 – 10:00 Sessie 6: Kronieke en die belange van twee stamme
10:00 – 10:30 Teen en verversings
10:30 – 11:30 Sessie 7: Kronieke en die Jerusalem tempelkultus
11:30 – 11:45 Breek
11:45 – 12:45 Sessie 8: Kronieke in ‘n veranderende wêreld: Identiteit en herinterpretasie

Terug

CLF Nuus

Reformation 500 – Some South African Perspectives

Gedurende 2017 is die vyfhonderdste herdenking van die Hervorming op ses kontinente gevier. Toe Martin Luther sy 95 stellinge teen die kerkdeur in Wittenberg gespyker het, het hy 'n proses in werking gestel wat die Christelike gemeenskap oor eeue heen sou beïnvloed.
In hierdie baie tydige publikasie dink 'n aantal geleerdes en kerkleiers na oor die impak van die Hervorming op Suid-Afrika – nie net op die kerke en op die ekumeniese verhoudings nie, maar ook op die invloed van die Hervorming in die breër gemeenskap, sowel in die onderwys as in die politiek.
Skrywers uit 'n wye verskeidenheid tradisies het bygedra tot die boek, nie net van die Gereformeerde en Lutherse tradisies nie, maar uit baie ander kerke, insluitende die Rooms-Katolieke Kerk, die Pinkster-gemeenskap en die Afrika-ingestelde kerke. *Reformation 500 – Some South African Perspectives* is 'n belangrike publikasie wat gelees en bespreek moet word vir jare om te kom.

Reformation 500 – Some South African Perspectives is beskikbaar by CLF vir slegs R222.00.
Kontak ons by +2721 873 6964, e-pos order@clf.co.za of koop dit aanlyn by https://clf.co.za/product/reformation-500/.

Terug